

Bepalings en voorwaardes vir die gebruik van die Noordwes-Universiteit se webtuiste

Wanneer u enige bladsye op hierdie webwerf oopmaak, impliseer dit dat u (die “gebruiker”) instem tot die volgende bepalinge en voorwaardes vir die gebruik van hierdie webwerf.

1 Kopiereg

- 1.1 **Kopiereg 2004© Noordwes-Universiteit** ("die Universiteit"), Privaatsak X1290, Potchefstroom, 2520, Suid-Afrika. Alle regte is voorbehou, tensy dit uitdruklik toegestaan word. Om toestemming te kry vir die gebruik van enige inhoud op hierdie werwe, kontak die Institusionele Registrateur by +27 18 299-4917 of stuur 'n e-pos na die [Institusionele Registrateur](#).
- 1.2 U mag die inhoud vervat op die NWU webwerf slegs vir wetlike gebruik aflaai, besigtig of uitdruk.
- 1.3 Alle morele regte van die NWU en sy werknemers, agente en studente word voorbehou.

2 Ontkenning van aanspreeklikheid

- 2.1 Hoewel die Noordwes-Universiteit en die verskaffers van inligting alles gedoen het om die behoorlike werking van hierdie webwerf, die akkuraatheid van die inligting of beelde en die betroubaarheid van die data op hierdie webwerf te verseker, waarborg sy geaffilieerde maatskappye, verskaffers of enige van hulle werknemers nie die beskikbaarheid van dienste, inhoud en inligting wat aangebied word op hierdie webwerf, of die akkuraatheid van die inligting en/of beelde op hierdie webwerf nie.
- 2.2 Onderhewig aan die bepalinge van die Elektroniese Kommunikasie en Transaksie Wet, maak ons geen voorstellings of waarborge nie, hetsy uitdruklik of geïmpliseerd, en aanvaar geen aanspreeklikheid of verantwoordelikheid vir die behoorlike werking van hierdie webwerf en/of die inligting en/of beelde wat op die webwerf vervat word nie, en die dienste word derhalwe op u eie risiko gebruik. In die besonder maak ons geen waarborg dat die dienste aan u eise sal voldoen of ononderbroke, volledig, betyds, beskerm of foutvry is nie. Gebruikers word aangemoedig om enige moontlike foutiewe werking aan te meld by die persoon waarna daar verwys word in klousule een hierbo.
- 2.3 Nie die Universiteit of enige van sy agente of verteenwoordigers sal aanspreeklik wees vir enige skade, verlies of las van watter aard ook al wat voortspruit uit die gebruik of die onvermoë tot die gebruik van hierdie webwerf of die dienste of inhoud wat van en deur hierdie webwerf verskaf word nie. Die webwerf word verskaf op 'n “voetstoots”-grondslag en is nie saamgestel of word nie verskaf om aan die gebruiker se individuele vereistes te voldoen nie. Dit is die verantwoordelikheid van die gebruiker alleen om hom-/haarself daarvan te vergewis dat die diens wat van en deur hierdie webwerf beskikbaar is aan sy/haar individuele vereistes sal voldoen en versoenbaar sal wees met sy/haar apparatuur en/of programmatuur, voordat hy/sy 'n ooreenkoms met die Universiteit sluit.
- 2.4 Inligting, idees en menings wat op hierdie webwerf uitgedruk word moet nie beskou word as professionele advies of die Noordwes-Universiteit se amptelike mening nie.
- 2.5 Die Noordwes-Universiteit kan nie aanspreeklik gehou word vir onwettige of onkonstitusionele inhoud nie. Die gebruiker vrywaar die Noordwes-Universiteit van alle aanspreeklikheid in hierdie verband.

3 Vrywaring

- 3.1 U vrywaar ons en stel ons skadeloos ten opsigte van enige verlies, aanspreeklikheid, aksies, regsgedinge, hofsake, kostes, eise en skade van watter aard ook al (insluitend direkte, indirekte, spesiale of voortspruitende skade), en ongeag of dit 'n aksie is gegrond op 'n kontrak, nalatigheid of enige ander aksie wat voortspruit uit of verband hou met die versuim of vertraging in die lewering van die dienste en/of inligting wat aangebied word op hierdie webwerf, of die gebruik van die dienste, inligting en/of beelde wat beskikbaar is op hierdie webwerf, hetsy as gevolg van ons nalatigheid of nie.

4 Gebruik

- 4.1 U mag die webwerf slegs vir wettige doeleindes gebruik en u onderneem dat u nie:
- 4.1.1 die webwerf sal gebruik om materiaal te ontvang of uit te stuur wat in stryd is met enige wet of regulasie nie, of wat obsean, dreigend, rassisties, bedreigend, aanstootlik, lasterlik, in misbruik van vertroue, in misbruik van enige intellektuele eiendomsreg, of andersins verwerplik of onwettig is nie;
 - 4.1.2 die webwerf sal gebruik vir die uitstuur van gemorspos of kettingbriewe nie;
 - 4.1.3 kopieë of uittreksels van hierdie webwerf op u rekenaar sal berg of uitdruk nie, behalwe vir u persoonlike en nie-kommersiële gebruik, en u mag nie inligting wat via hierdie webwerf verskaf is op u eie bediener "spieël" of opgaar, of die teks of grafika van hierdie webwerf kopieer, aanpas, verander of hergebruik sonder die voorafverkreë skriftelike toestemming van die Noordwes-Universiteit nie.
- 4.2 Persone wat die Noordwes-Universiteit se webwerf vir watter rede ook al gebruik, onderwerp hulleself aan en stem in tot die bepalings en voorwaardes en die beleid insake privaatheid van die Noordwes-Universiteit wanneer hulle toegang verkry tot die webwerf soos hieronder beskryf.
- 4.3 Hierdie webwerf is bedoel om die gebruiker slegs te voorsien van inligting aangaande die Noordwes-Universiteit en die dienste en programme wat dit aanbied.
- 4.4 Sonder om afbreuk te doen aan die voorafgaande, magtig die Noordwes-Universiteit hiermee die gebruiker om die inhoud van hierdie webwerf of enige deel daarvan te besigtig, te kopieer, af te laai na 'n lokale aandrywer, uit te druk en te versprei, op die volgende voorwaardes:
- 4.4.1 sodanige inhoud mag slegs gebruik word vir inligtings- en/of nie-kommersiële doeleindes; en
 - 4.4.2 enige reproduksie van die inhoud van hierdie webwerf of 'n deel daarvan moet die volgende kopieregkennisgewing insluit: **©Noordwes-Universiteit 2004. Alle regte voorbehou.**
 - 4.4.3 Gebruikers wat inhoud van hierdie webwerf vir kommersiële doeleindes wil gebruik mag dit slegs doen met die voorafverkreë skriftelike toestemming van die Noordwes-Universiteit.

5 Beleid insake privaatheid

- 5.1 Indien die webwerf van die Noordwes-Universiteit private inligting insamel van gebruikers, sal sodanige inligting nie aan 'n derde party openbaar gemaak word nie, tensy daar so ooreengekom word tussen die partye of deur 'n wetsproses.
- 5.2 Die Noordwes-Universiteit is verbind daartoe om die privaatheid van u persoonlike data te respekteer. Ons streef te alle tye daarna om te voldoen aan toepaslike wetgewing wat die verifikasie, beskerming en onthulling van persoonlike inligting beheer.

6 Sekuriteit

6.1 Ongemagtigde toegang en kwaadwillige kodering

Dit is uitdruklik verbode vir enige persoon, besigheid of entiteit om ongemagtigde toegang tot enige inligting op hierdie webwerf te verkry of te probeer verkry, of om enige ongemagtigde, skadelike of kwaadwillige kode aan hierdie webwerf te besorg of te probeer besorg. Enigiemand wat enige ongemagtigde, skadelike of kwaadwillige kode aan hierdie webwerf besorg of probeer om ongemagtigde toegang te verkry tot enige bladsy op hierdie webwerf sal krimineel aanspreeklik gehou

word, en indien die Noordwes-Universiteit enige verlies ly, sal 'n siviele eis vir skadevergoeding ingestel word.

6.2 Koekies

Ons kan sekere inligting (algemeen bekend as 'n koekie ("cookie")) op u rekenaar berg wanneer u ons webwerf besoek. Dit maak dit vir die Universiteit moontlik om u te herken tydens daaropvolgende besoeke. Die tipe inligting wat ingesamel word, is nie-persoonlik (soos die IP-adres van u rekenaar, die datum en tyd van u besoek, watter bladsye u gelees het en watter bladsye suksesvol gelewer is). Afgesien daarvan om slegs basiese aansluiting en kommunikasie te vestig, kan die Universiteit ook hierdie data gebruik in kollektiewe vorm om ons webinligting by die gebruiker se individuele belangstellings en behoeftes aan te pas. Indien u dit verkies en afhangend van die webblaaier wat u gebruik, kan u eers daarvoor gevra word voordat u enige koekies aanvaar, of kan u keer dat u webblaaier enige koekies aanvaar. Dit sal egter meebring dat sekere eienskappe van die webwerf nie vir u toeganklik sal wees nie of nie sal werk nie.

6.3 Beskerming van persoonlike data

Alle redelike stappe sal gedoen word om 'n gebruiker se inligting te beskerm. Gebruikers onderneem om nie hulle gebruikersnaam en wagwoord aan enigiemand anders mee te deel nie. Die Noordwes-Universiteit streef daarna om die vertroulikheid, integriteit en beskikbaarheid van u persoonlike inligting te beskerm. Let asseblief daarop dat die Universiteit nie verantwoordelik gehou kan word vir die beleid en praktyk insake privaatheid van ander webwerwe wat u besoek deur middel van skakels vanaf hierdie webwerf nie. Ons beveel aan dat u die beleid van elke webwerf wat u besoek nagaan en dat u daardie spesifieke organisasie kontak as u enige kommer of vrae het.

7 Elektroniese kommunikasie

- 7.1 Deur hierdie webwerf te gebruik of deur elektronies met die Noordwes-Universiteit te kommunikeer, stem die gebruiker in en erken dat enige en alle ooreenkomste, kennisgewings, onthullings of enige ander kommunikasie voldoen aan enige wettlike vereiste, wat insluit maar nie beperk is nie tot die vereiste dat sodanige kommunikasie "skriftelik" moet wees.

8 Intellektuele eiendomsregte

- 8.1 Al die inhoud, handelsmerke en data op hierdie webwerf, insluitend teks, grafika, ikone, hiperskakels, private inligting, databasisse, programmatuur, ontwerpe en ooreenkomste, is die eiendom van die Universiteit en word as sodanig deur plaaslike en internasionale wetgewing en verdrae beskerm teen skendings.
- 8.2 As die gebruiker erken u dat ons die intellektuele eiendomsregte besit in en tot hierdie webwerf en alle dienste of inligting wat daarin bevat word, en dat die ongemagtigde gebruik daarvan uitdruklik verbied word. Die woorde of merke "Noordwes-Universiteit", "PUK", "Uniwest", "Vaalpukke" (ongeach hoe dit aangebied word, insluitend gestileerde aanbiedings), alle geassosieerde logo's en simbole en kombinasies van enige van die bogenoemde met 'n ander woord of merk wat op hierdie webwerf gebruik word, is handelsmerke van die Noordwes-Universiteit.

9 Skakels en omraming

- 9.1 Geen persoon, besigheid of webwerf mag 'n skakel skep na enige bladsy op hierdie webwerf sonder die voorafverkreë skriftelike toestemming van die Universiteit nie. Sodanige toestemming kan verkry word van die persoon waarna daar verwys word in klousule 1 hierbo.
- 9.2 Die Noordwes-Universiteit mag skakels verskaf na ander webwerwe slegs vir die gebruiker se gerief, en die insluiting van enige skakel impliseer nie dat die Universiteit sulke webwerwe onderskryf nie.
- 9.3 Hiperskakels wat op hierdie webwerf verskaf word, indien enige, word voetstoots verskaf en die Universiteit stem nie noodwendig saam met of ondersteun nie noodwendig die inhoud van sodanige webwerwe nie.
- 9.4 Geen persoon, besigheid of webwerf mag hierdie webwerf of enige bladsy op hierdie webwerf op enige manier hoegenaamd omraam nie.

- 9.5 Geskakelde webwerwe of -bladsye is nie onderhewig aan die beheer van die Noordwes-Universiteit nie. Die Universiteit sal nie direk of indirek op enige manier verantwoordelik of aanspreeklik gehou word vir die inhoud, gebruik of onvermoë om enige geskakelde webwerwe of enige skakels wat bevat word in 'n geskakelde webwerf te gebruik nie.

10 Ooreenkomste in terme van Seksie 21 van die Elektroniese Kommunikasie en Transaksie Wet

- 10.1 Geen ooreenkoms sal sonder 'n geldige ooreenkoms gesluit word nie, wat die erkenning van 'n aanbod of ontvangs of kwitansie van die Universiteit, vereis. 'n Databoodskap wat na hierdie webtuiste of die eienaars van die webtuiste gestuur word, word nie beskou as 'n geldige ooreenkoms nie.
- 10.2 Geen e-pos boodskap sal beskou word as ontvang deur die Universiteit sonder 'n geskrewe reaksie wat deur die Universiteit uitgereik is nie. 'n Geoutomatiseerde reaksie van die Universiteit voldoen nie aan hierdie vereiste nie.

11 Soektegnologie

- 11.1 Geen persoon, besigheid of webwerf mag enige tegnologie gebruik om enige inligting te soek en in te win vanaf hierdie webwerf sonder die voorafverkreë skriftelike toestemming van die Universiteit nie. Sodanige toestemming kan verkry word van die persoon waarna daar in klousule 1 hierbo verwys word.
- 11.2 Die gebruik van soektegnologie soos "webkruipers" of "webspinnekoppe" om inligting vanaf hierdie webwerf te soek en in te win is ontoelaatbaar. Sulke tegnologie kan lei tot die stadiger werking van hierdie webwerf se bediener of tot kopieregskending van enige data en inligting wat beskikbaar is vanaf hierdie webwerf.

12 Veranderinge en wysigings

- 12.1 Die Noordwes-Universiteit behou uitdruklik die reg voor, in sy alleen- en absolute diskresie, om enige kriteria of inligting op hierdie webwerf te verander en/of te wysig sonder kennisgewing.
- 12.2 Die Universiteit behou die reg voor om die inligting, pryse en tariewe wat gekwoteer word, sowel as die bepalings en voorwaardes te verander en te wysig sonder enige kennisgewing.

13 Herroepbaarheid

- 13.1 Hierdie bepalings en voorwaardes is herroepbaar, in die sin dat indien daar bevind word dat enige maatreël onwettig is of nie deur enige hof van bevoegde jurisdiksie afgedwing kan word nie, sodanige maatreël geag sal word om geskrap te wees sonder om die oorblywende maatreëls van die bepalings en voorwaardes te beïnvloed.
- 13.2 Ons onvermoë om enige besondere regte of maatreëls van hierdie bepalings en voorwaardes uit te oefen sal nie neerkom op 'n vrywaring van sodanige reg of maatreël nie, tensy ons dit skriftelik erken en daartoe instem.
- 13.3 Hierdie bepalings en voorwaardes, soos van tyd tot tyd deur ons gewysig, verteenwoordig die enkele ooreenkoms tussen ons en u.
- 13.4 Hierdie bepalings en voorwaardes sal tot voordeel van die Noordwes-Universiteit wees en ons kan daarvan afstand doen volgens ons diskresie.

14 Algemeen

- 14.1 Hierdie bepalings en voorwaardes sal beheer word deur en geïnterpreteer word in ooreenstemming met die wette van Suid-Afrika, en u sal onderhewig wees aan die jurisdiksie van die Suid-Afrikaanse howe. Indien u aansoek doen vir enige van die produkte of dienste wat op die webwerf of webbladsye aangebied word, impliseer dit die gebruiker se toestemming en onderwerping aan die jurisdiksie van die Suid-Afrikaanse howe aangaande alle prosedures, transaksies, applikasies/aansoeke of enigiets soortgelyk ingestel deur enige party teenoor 'n ander, wat ontstaan van enige terme en voorwaardes met betrekking tot hierdie webwerf of sulke produkte of dienste.

14.2 Hierdie webwerf word aangebied, beheer en bestuur vanuit die Republiek van Suid-Afrika en daarom sal die Suid-Afrikaanse reg beheer hê oor enige aksie ingevolge die gebruik van hierdie webwerf of onvermoë om dit te gebruik.

15 Kontakligting / Domciliium Citandiet Et Executandi

15.1 Die Universiteit kan besoek word of gekontak word by die volgende adres:

Posadres:

Noordwes-Universiteit
Institusionele Kantoor
Privaatsak x1290
Potchefstroom
2520
Suid-Afrika

Tel: +27(018) 299-4897
Faks: +27(018) 299-4910

Fisiese adres:

Noordwes-Universiteit
Institusionele Kantoor
Gebou C1
Borcherdstraat 53
Potchefstroom
2531
Suid-Afrika

Webwerf: www.nwu.ac.za

Oorspronklike gegewens: Elmarie Engelbrecht
7 Junie 2013